SENIORS – KUIEROGGEND DONDERDAG 7 NOVEMBER 2019

Die tafels is getooi in blou,
kyk hoe mooi lyk dit nou.
Waaier van serfette in 'n glas,
blink blou klippies om daarby te pas.

Sjokoladetjies word oor die tafels gestrooi,
In helderkleurige papiertjies, so mooi.
Gee Rina net 'n halwe kans en
sy raak heeltemal in 'n trans.
Verskillende papiertjies word gou omskep,
In spinnekoppies, en dié gee baie pret.

Twee van ons lede, elk tagtig jaar,
kry spesiale gelukwense want hul verjaar.
Steve en Lulu, al amper 60 jaar saam,
Nog goeie jare toegewens, word deur almal beaam.

Koffie, tee en vrugtesap,
word mildelik in bekers en glase getap.
Bordjies word met lekkernye gelaai
met koek, tert en koeksisters gedraai.
Pasteitjies, worsies en koekies gesmeer,
van alle soorte en nog soveel meer.

'n Paar van ons lede het getoer
en gou word daar na 'n paar foto's geloer.
Namakwaland se prag en praal
Het 'n hele paar oee's en aa's behaal.

Daar word heerlik gelag en gekuier,
vol geëet en net al luier.
Gesels, gesels en baie luister,
dis alles behalwe 'n gefluister.
Skelm word gou agter die ore gedraai,
verminder daarmee die groot lawaai.

Dis gou alweer tyd om te groet,
Geseënde Kersfees en baie voorspoed.

Margriet

Tafels getooi in blou

Die saam kuier

Steve en Lulu

Die blomme in Namaqualand